**JUNIOR JEUG ALPHA:**

## Sessie 10: Hoe kan ek die bose weerstaan - Wapenrusting

**Doel van les:**

Ons gaan vanaand deur al die dele van die wapenrusting werk sodat die kleintjies dit beter kan verstaan. Ons gaan dit d.m.v. speletjies doen.

**Ysbreker: Wapenrusting soek:** Maak genoeg afdrukke van die wapenrusting uitdeelstuk vir elke groep. Knip die dele uit en plaas dit in 'n koevert/plastieksakkie. Steek die koeverte/sakkies in die vertrek weg. Laat die kinders in die vertrek rondstap en dit soek. Wanneer 'n kind die koevert/sakkie vind, kan die hele groep gaan sit en wag totdat al die groepe hulle wapenrusting gevind het. Die leiers hou dit by hulle totdat die speletjies begin en ons dit gebruik vir die plak aktiwiteit.

**Vra:** Dink julle dat dit slim van 'n soldaat sal wees om met tekkies en jeans oorlog toe te gaan om te gaan veg? Wat het 'n soldaat dan als nodig wanneer hy gaan veg?

Het julle geweet dat ons ook soldate is? Ons is soldate in Jesus se weermag. Wie dink julle is ons vyand? Die satan. Die satan is heeltyd besig om God se kinders aan te val.

Hoe sal ons dan veilig kan bly?

Het julle geweet die Bybel sê ons moenie bang wees nie en dat God Sy kinders spesiale klere gee vir die oorlog?

Hoor wat sê die Bybel in Efesiërs 6: Ons moet onthou dat ons nie besig is om teen gewone mense te veg nie. Ons is eintlik besig om teen die duiwel te veg. Hy is mos party mense se koning. Daarom moet ons die klere aantrek wat God vir ons gee. Ons is mos Sy soldate en Hy wil ons beskerm. Ons sal dan gereed wees wanneer die duiwel ons aanval. . (geneem uit die Bybel@kinders.co.za, bl 1309, Redakteur Hennie Stander, Carpe Diem boeke)

Laat ek julle vertel hoe die klere lyk wat God vir ons wil aantrek omdat ons Sy soldate is. Hierdie klere word die Wapenrusting genoem.

## SPELETJIES:

Gee vir elke groep die prentjie van die mannetjie, gom en die uitgeknipte dele van die Wapenrusting. Soos ons elke deel behandel, plak hulle die item op die regte plek op die lyf waar dit hoort.

### HELM VAN VERLOSSING

**Speletjie 1: Musical hats**

- Gee vir elke groep 'n hoed.
- Speel musiek en hulle moet die hoed opsit en dan weer afhaal en vir die volgende persoon gee.
- As die musiek stop en jy het die hoed aan, dan is jy uit.
- Die speletjie hou aan tot daar net een kind in die groep oor is.

**Proscess die speletjie**: Die speletjie laat ons dink aan die helm van verlossing wat ons moet aanhê om ons gedagtes te beskerm. Jesus het van die hemel af aarde toe gekom en aan die kruis vir ons sondes gesterf. Wanneer ons ons harte vir Hom gee, kan ons weet ons sal eendag saam met Hom in die hemel leef. Baiekeer wil die duiwel vir ons kom sê ons gaan nie hemel toe nie en dat Jesus ons nie liefhet nie. Dis wanneer ons die Helm van verlossing moet opsit sodat ons vir die duiwel kan sê: "Ek glo nie net dat ek Jesus se kind is nie, ek weet dit ook. Ek weet ook dat Jesus sterker as jy is, want Hy het weer lewendig geword nadat Hy gekruisig is."

**In julle groepe**: Plak die helm van verlossing op die regte plek

### SKOENE VAN BEREIDHEID

**Speletjie 2: Een been bal gooi**

- Elke groep kry 'n stuk papier waarmee hulle 'n bal moet rol.
- Die leier staan in die middel en die kinders in 'n kring rondom hom/haar.
- Die leier mag op altwee voete staan, maar die kinders mag slegs op een been staan.
- Die leier gooi die bal na die eerste kind en daardie kind moet die bal vang op net die een been.

- Dan gooi die kind dit terug na die leier.
- Die speletjie gaan so aan totdat elkeen 'n beurt gekry het

**Proscess die speletjie** Sal dit slim wees van 'n soldaat om sandale aan te trek oorlog toe? Nee, want as hy dalk 'n berg moet opklim, of deur modder moet loop, gaan dit hom nie juis help om vas te trap nie. Ons skoene vir die oorlog is die skoene van bereidheid om die goeie nuus van Jesus te vertel. Wanneer ons die skoene aantrek, dan leef ons op so 'n manier dat die mense om ons kan sien dat ons God se kinders is. Ons vloek en steel en doen nie ander verkeerde dinge nie. Wanneer ons kans kry, dan vertel ons ander ook van Jesus en wat Hy vir ons doen sodat hulle ook in Hom kan glo.

**In julle groepe**: Plak die skoene op die regte plek

**SKILD VAN GELOOF**

**Speletjie 3: Papier tennis**

- Deel groepe in twee – seuns teen meisies.
- Elke groep staan in 'n ry agter mekaar en die voorste kind het 'n raket in die hand.
- Frommel papier op om balle te maak en gee vir elke groepleier 'n sak met die balle in. Die leier gooi hulle met die balle en hulle moet dit met die raket probeer wegslaan. Elke kind kry 'n beurt.

**Proscess die speletjie** Die soldate in die Bybelse tyd het 'n skild voor hulle gehou om te keer dat die spies of swaard waarmee hulle vyand geveg het hulle kon seemaak. Jesus is ons skild. Ons moet glo dat ons altyd op God kan vertrou en dat Jesus ons beskerm. Ons hoef nie bang te wees nie.

**In julle groepe**: Plak die skild op die regte plek

**SWAARD VAN DIE GEES**

**Speletjie 4: Servet blaas**

- Gee vir elke groep 'n servet.
- Speel 'n liedjie en vir die volle tyd van die liedjie moet die hele groep die servet in die lug hou deur dit net te blaas.

**Proscess die speletjie** Die speletjie laat ons dink aan die swaard van die Gees. Wanneer die Satan kom met leuens, moet ons die dinge wat ons in die Bybel lees reg in ons monde hê om die Satan te laat vlug. As ons weet wat in die Bybel staan kan die duiwel ons nie allerhande stories kom vertel nie. Dan kan ons vir hom sê: "Nee, duiwel, die Bybel leer my bv. ek mag nie steel nie, die Bybel leer my Jesus is lief vir my en daarom glo ek jou nie." Dan gebruik ons die Bybel as 'n swaard.

**In julle groepe**: Plak die swaard op die regte plek

**GORDEL VAN DIE WAARHEID**

**Speletjie 5: Vinger in die oor (nie eintlik 'n speletjie nie, ons speel 'n trick op die kinders)**

- Laat die kinders in 'n sirkel staan.
- Laat die kinders hul duim saggies in die persoon aan hul regterkant se oor sit.
- Vra: ken julle die reëls van hierdie speletjie?
- Sê dan: ek ook nie! Ek wou julle net "trick" om julle te laat snaaks lyk.

**Proscess die speletjie** Die speletjie laat ons dink aan die gordel van die waarheid. Die Satan wil ons uitvang, leuens vertel, om ons die verkeerde pad te laat stap. Ons moet altyd weet wat in die Bybel staan en daaraan vashou sodat ons nie sy leuens sal glo nie.

**In julle groepe**: Plak die gordel op die regte plek

**BORSHARNAS VAN GEREGTIGHEID**

**Speletjie 6: Mnr Snake**

- Begin deur al die kinders aan die een kant van die kerk te hê met een persoon met die mikrofoon aan die ander kant.
- Hulle sit agter 'n lyn wat die "veilige deel" is.
- Die kinders moet verby die veilige lyn beweeg na Meneer Slang toe.
- Die leiers gaan catchers wees.
- Die kinders moet roep Meneer Slang wat doen jy vandag?
- Meneer Slang sal dan iets antwoord wat of goed of sondig is.
- Wanneer dit sondig is, moet die kinders terug hardloop tot agter die veilige lyn sonder dat die catchers hulle vang.
- As dit 'n mooi antwoord is, kan hulle aanhou beweeg en weer die vraag herhaal.

**Proscess die speletjie** Het julle al die bulletproof vests gesien wat polisiemanne dra? Wat doen dit? Dit beskerm die polisieman/vrou se hart, longe en ander organe. Die duiwel soek jou hart. Ons het die borsharnas van geregtigheid. Dis nou 'n groot woord, maar onthou die reg in daardie groot woord. Wanneer ons vir Jesus kies en nie die wêreld nie, is ons nou **reg** met God. Ons is skoon van sonde. Nou moet ons aanhou reg leef en wegdraai van verkeerde dinge.

**In julle groepe**: Plak die Borsharnas op die regte plek


So die vraag is nou: Hoe trek ons die klere aan?


Jy kan net hierdie klere aantrek as jou hart aan Jesus behoort. Jy moet kies om reg te leef en nie aspris sonde te doen nie. Ons moet ook elke dag die wapenrusting aantrek. Nie net een deel nie, maar almal. Dan is ons reg vir die geveg.


Ons trek die Wapenrusting elke dag tydens gebed aan, so julle leier sal nou in julle groepies dit vir julle in gebed aantrek sodat julle mooi kan verstaan hoe om dit te doen. Ek gaan ook vir elkeen van julle 'n prentjie met die Wapenrusting op gee, sodat julle dit elke dag saam met mamma, pappa en julle boeties of sussies kan doen.


Sluit af met gebed.

Put on the Armor of God!





Spirit - God's Word



Salvation



Truth



Righteousness


Faith


Readiness
Gospel


Helm van Verlossing
Borsharnas van Geregtigheid
Waarheid as Gordel
Skild van Geloof
Swaard van die Gees
Evangelie van Vrede


Helm van Verlossing
Borsharnas van Geregtigheid
Waarheid as Gordel
Skild van Geloof
Swaard van die Gees
Evangelie van Vrede


Helm van Verlossing
Borsharnas van Geregtigheid
Waarheid as Gordel
Skild van Geloof
Swaard van die Gees
Evangelie van Vrede